



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## RIGLYNE VIR
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e)

## GRAAD 10–12

## 2023

**Hierdie riglyne bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | **3** |
| **2.** | **RIGLYNE VIR ONDERWYSERS** | **3** |
| 2.1 | Hoe om die praktiese assesseringstaak (PAT) te administreer | 3 |
| 2.2 | Komponente van die PAT'e | 4 |
| | 2.2.1 Bestuursoorsig | 5 |
| | 2.2.2 Praktiese take (aktiwiteite) | 7 |
| | 2.2.3 Bestuurstoets | 9 |
| | 2.2.4 Dagboek/Logboek (rekord van tyd bestee) | 9 |
| 2.3 | PAT-komponent-opsomming en gewigstoekenning | 10 |
| 2.4 | Uitleg van die PAT-riglyne vir opstel (voorbeelde) | 11 |
| | 2.4.1 Veeproduksie | 11 |
| | 2.4.2 Pluimveeproduksie (braaikuikens of lêhoenders) | 13 |
| | 2.4.3 Gewas-/groente-/vrugteproduksie | 15 |
| 2.5 | Moderering van die PAT | 17 |
| **3.** | **RIGLYNE VIR LEERDERS** | **17** |
| 3.1 | Instruksies aan leerders | 17 |
| 3.2 | Voorbeelde van take in die verskillende komponente van die PAT | 17 |
| | 3.2.1 Die bestuursoorsig | 18 |
| | 3.2.2 'n Praktiese aktiwiteit | 22 |
| | 3.2.3 Die bestuurstoets | 25 |
| | 3.2.4 Dagboek/Logboek of tydregister | 26 |
| 3.3 | Afwesigheid/nie-inlewering van take en nie-deelname aan praktiese aktiwiteite | 27 |
| 3.4 | Vereistes vir aanbieding | 27 |
| 3.5 | Tydraamwerk | 27 |
| 3.6 | Verklaring van egtheid | 28 |
| **4.** | **LYS VAN BRONNE** | **29** |
| 4.1 | **BYLAE A: MODERERINGSINSTRUMENTE** | **30** |
| 4.2 | **BYLAE B: VOORBEELDE VAN NASIENINSTRUMENTE** | **33** |
| | 4.2.1 Rubrieke vir die bestuursoorsig | 34 |
| | 4.2.2 Rubriek vir betrokkenheid | 38 |
| 4.3 | **BYLAE C: PAT-NASIENSKEDULE** | **39** |
| **5.** | **GEVOLGTREKKING** | **29** |

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke (KAVB) wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

### 2.1 Hoe om die praktiese assesseringstaak (PAT) te administreer

Die PAT dra 25% van die totale promosiepunt (400) in graad 10–12 by. Die praktiese assesseringstaak tel 100 punte en bestaan uit 'n bestuursoorsig (20 punte), praktiese aktiwiteite (50 punte), 'n bestuurstoets (20 punte) en 'n tydregister (10 punte).

Die ontwerpportefeulje en finale produk moet vir monitering en moderering beskikbaar wees en deur die onderwyser geëvalueer, nagegaan en geverifieer word voordat dit as die leerder se finale bewys van prestasie aangebied word.

Die onderwyserlêer van die praktiese assesseringstaak moet bewyse bevat van:

(a) Die PAT-taak
(b) 'n Volledige rekord van alle assessering en moet altyd vir monitering- en modereringsdoeleindes beskikbaar wees

Versuim deur die onderwyser om 'n assesseringstaaklêer te hou, is wangedrag en sal ingevolge paragraaf 5(3) van die beleidsdokument, *Nasionale beleid oor die beheer, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, of ander toepaslike maatreëls hanteer word.

2.1.1 Die doel van die praktiese assesseringstaak (PAT) vir Landbou-bestuurspraktyke (LBP) is om bestuurs-, entrepreneurs-, navorsings-, bemarkings-, bedryfs- en tegniese vaardighede van leerders in die produksievertakkings waaraan hulle blootgestel is, te assesseer.

2.1.2 In graad 10–12 moet 'n totaal van ten minste DRIE produksievertakkings gebruik word wat uit minstens EEN diereproduksievertakking of ten minste EEN plantproduksievertakking moet bestaan.

2.1.3 Die konteks waarin die vak aangebied word, is onderhewig aan 'n wye verskeidenheid verskillende produksiestelsels, produksievertakkings, bestuursbenaderings en ekologiese verskille tussen die verskillende streke in die land. Die PAT moet hierdie wye verskeidenheid moontlike benaderings en programme in ag neem.

2.1.4 Hierdie PAT-riglyne sal kriteria verskaf om te help met die standaardisering van hierdie wye verskeidenheid moontlike vertakkings wat in Landboubestuurspraktyke (LBP) bestaan.

2.1.5 Die PAT moet vordering ten opsigte van kompleksiteit, inhoud en konteks vanaf graad 10 tot graad 12 toon.

2.1.6 Die PAT-aktiwiteite moet verband hou met die inhoud van die betrokke grade en praktyke soos in die primêre en sekondêre landboubedryf toegepas.

2.1.7 Die PAT'e vir graad 10 en 11 word intern opgestel, nagesien/geassesseer en gemodereer terwyl die PAT vir graad 12 intern opgestel en nagesien/geassesseer en ekstern gemodereer word.

2.1.8 Die komponente van die PAT word onder beheerde toestande voltooi en die bewyse van elke aktiwiteit of taak word in die leerderportefeulje geplaas.

2.1.9 Die PAT moet bewyse insluit van hoe die produksieverwante prosesse in die verskillende vertakkings vir 'n tydperk van een jaar bestuur word.

2.1.10 Leerders moet die assesseringskriteria ken voordat hulle met elke aktiwiteit begin.

2.1.11 Die gebruik van eksterne assessors (bv. wolklasserings-, kunsmatige-inseminasie (KI)- en skeerkursusse) vir die praktiese gedeelte van die PAT sal assessering deur die onderwyser ondersteun.

## 2.2 Komponente van die PAT'e

Die PAT'e in graad 10–12 bestaan uit die volgende komponente:

- **Die bestuursoorsig** is gebaseer op die ontwikkeling van jaarlikse produksieplanne vir die bestuur van die betrokke vertakkings
- **Praktiese take (aktiwiteite)** wat omvattend geassesseer word
- **Die bestuurstoets** wat bestaan uit toepassingsvrae, soos gevallestudies en scenario's gebaseer op aktiwiteite in die bogenoemde bestuursoorsig en prakties vir die produksievertakkings
- **Die dagboek/logboek (tydregister)** vir tydsbesteding in vertakkings/en take uitgevoer tydens die tyd wat die leerder in 'n praktiese situasie of produksievertakking bestee het

### 2.2.1 Bestuursoorsig

Hierdie aktiwiteit vereis dat die leerder 'n produksieplan skep/voltooi van die gekose produksievertakking wat die belangrikste praktyke binne daardie produksievertakking insluit. Dit moet in kalender-vorm of as 'n maandelikse verslag aangebied word. Dit bied 'n algehele indruk van die produksieprosesse soos wat dit vir 'n tydperk van 'n jaar of produksiesiklus binne die spesifieke produksiestelsel geïmplementeer is.

Hierdie aktiwiteit moet beproefde boerderypraktyke insluit wat plaaslik beoefen word en waaraan die leerders blootgestel sal word. Die aktiwiteit kan 'n groep-, pare- of individuele aktiwiteit wees en moet navorsing insluit soos in die rubrieke op BYLAE A aangedui word. Die bestuursoorsig moet verkieslik binne die leerders se belangstellingsveld wees.

**Graad 10**

Die basiese produksie-aktiwiteite wat by 'n jaarlikse produksieplan vir 'n plant- of 'n dierproduksievertakking ingesluit sal word, moet genoem word. Hierdie aktiwiteite kan beskryf word en 'n aanduiding van 'n moontlike tydraamwerk vir elke aktiwiteit moet ingesluit word.

**TABEL 1: Voorbeelde van enkele praktyke wat van 'n produksievertakking in graad 10 deel vorm**

| GEWASPRODUKSIE | DIEREPRODUKSIE |
|---|---|
| • Beplanning vir die plantseisoen<br>• Bestel produksie-insette<br>• Basiese grondvoorbereiding/ Meganisasie<br>• Aanplanting (direkte besaaiing/ oorplanting)<br>• Gewasbeskerming/ geïntegreerde plaag-/onkruid- en siektebeheer<br>• Gewasbemestingprogram<br>• Gewasbesproeiingprogram | • Meng van voer/rantsoene verskaf<br>• Voortplanting/Teelseisoen<br>• Bestel produksie-insette<br>• Veeteelt: kastrasie/onthoorning/ immunisasie/dosering/dip, ens.<br>• Produksie van melk/vleis/vesel/ eiers, ens.<br>• Basiese bestuur van diere (dieregesondheidsbestuur)<br>• Rekordhouding (Diere-identifikasie: 'tagging', oormerke, tatoeëring, brandmerk – warm yster, vries, ens.) |

**Graad 11**

'n **Omvattende produksieplan** vir 'n tydperk van 12 maande vir die betrokke gewas- of diereproduksievertakking moet aangebied word. Hierdie produksieplan moet die spesifieke vertakkingbestuursaktiwiteite wat geïmplementeer word om die optimale produksie-uitsette vir daardie vertakking te kry, duidelik aandui.

**TABEL 2: Voorbeeld van enkele praktyke wat in graad 11 uitgevoer word**

| SPESIFIEKE GEWASPRODUKSIEVERTAKKING | SPESIFIEKE DIEREPRODUKSIEVERTAKKING |
|---|---|
| • Beplanning vir die plantseisoen<br>• Bestel van produksie-insette<br>• Basiese grondvoorbereiding/ meganisasie<br>• Plant van gewas<br>• Geïntegreerde plaag-, siekte- en onkruidbeheer<br>• Gewasbemestingprogram<br>• Gewasbesproeiingsprogram | • Voervloeiprogram<br>• Toepassing van verskillende beweidingstelsels<br>• Beplanning vir paartyd/voortplanting/ dragtigheid<br>• Manipulasie van voortplanting/KI<br>• Bestel van produksie-insette<br>• Gesondheidsorg (immunisasie/ dosering/dip/medikasie)<br>• Bestuur en hantering van diere (Dieregesondheidsbestuur)<br>• Produksie van melk/vleis/vesel/eiers<br>• Bestuur en hantering van diere<br>• Rekordhouding (Diere-identifikasie: 'tagging', oormerke, tatoeëring, brandmerk – warm yster, vries, ens.) |

**Graad 12**

'n Omvattende produksieplan vir 'n plant- of diereproduksievertakking wat die volgende inhoudskwessies insluit wat in graad 12 gedek is:

- Bestuur van fisiese en natuurlike hulpbronne
- Holistiese beplanning/Algehele vertakkings- of produksiebeplanning/ Strategiese vertakking- of produksiebeplanning (van begin tot einde)
- Finansiële aspekte/Implementering en beheer van vertakkingbegroting
- Arbeidsbestuur
- Rekordhouding (fisiese en finansiële rekords)
- Oes-/Na-oesprosedures (hantering, verpakking, vervoer en berging)
- Gradering/Produkdifferensiasie/Sortering
- Produkprosessering/Waardetoevoeging
- Produkbemarking/Verspreiding
- Agritoerisme/Nismarkgeleenthede

**Algemene opmerkings oor die bestuursoorsig**

Die kwessies hierbo genoem, moet vir 'n volledige produksiesiklus aangebied word en moet alle relevante praktyke vir die spesifieke vertakking insluit, bv. in vleisbeesproduksie vir graad 10, sal die bestuursoorsig 'n algemene oorsig oor die vereiste bestuursaspekte insluit. Vir graad 11 sal dit al die vereiste prosesse om 'n speenkalf te produseer, insluit en vir graad 12 sal dit die afronding van die speenkalf in die voerkraal, slag en bemarking van die beesvleis en finansiële aspekte insluit. Die scenario kan saamgestel word om 'n tydlyn te toon vir die produk wat deur die produksiesiklus getoon word.

Uitdagings en suksesse moet genoem word, bv. Stelsels van Beste Landboupraktyke ('GAP') soos deur elke spesifieke bedryf voorgeskryf.

Die assesseringsinstrument gebruik vir hierdie aktiwiteit kan 'n kontrolelys, rubriek of memorandum wees.

2.2.2 **Praktiese take (aktiwiteite)**

Hierdie deel van die PAT vir LBP moet onder beheerde toestande in 'n bedryfs- of praktiese situasie plaasvind. As die skool nie die regte geriewe of gepaste produksievertakkingsgeriewe naby het nie, moet nabygeleë geriewe aan die begin van die jaar geïdentifiseer en gebruik word om die aktiwiteite wat aan die begin van die jaar beplan is, uit te voer. Hierdie deel van die PAT fokus op die assessering van 'n individuele leerder terwyl praktiese aktiwiteite in beide plant- en diereproduksievertakkings uitgevoer word.

Ten minste TWEE praktiese aktiwiteite/take per kwartaal in die betrokke produksievertakkings moet omvattend geassesseer word vir graad 10- en 11-leerders (kwartaal 1–3) en vir graad 12 (kwartaal 1–2). Hierdie deel van die PAT-assessering assesseer die prestasie van leerders terwyl hulle hierdie aktiwiteite/praktiese werk uitvoer. Take moet werklike situasies weerspieël, bv. om koeie te melk, kunsmatige inseminasie, inenting, gewasversorgingspraktyke (spuit van gewasse, inenting, monitering van siektes en peste, plant, ontkiemingspersentasie, bemesting, meganisasiebeplanning), versorging van diere (onthoorning, kastrasie, voer, merk, siektebeheer, kalwers grootmaak, ens.) en waardetoevoegings-aktiwiteite (tamatiepasta, maak van jogurt, ens.) oes, klassering, ens. Hierdie aktiwiteite moet oor die hele omvang van die vertakkings versprei word en nie net op een aspek of vertakking fokus nie.

Die praktiese aktiwiteite word geassesseer en sigmoderering moet, waar moontlik, op die perseel gedoen word. Bewyse wat die assessering van die aktiwiteite ondersteun, moet vir die finale moderering ingesamel word. Dit kan prentjies, foto's en/of video's van hierdie aktiwiteite en assessering van die aktiwiteite insluit.

Praktiese aktiwiteite hou verband met die **psigomotoriese domein** wat op die fisiese en kinestetiese vaardighede fokus wat leerders moet ontwikkel en toon. Hierdie vaardighede moet geleidelik ontwikkel word deur die verskillende vlakke te volg, soos hieronder uiteengesit. Die ontwikkeling van die vaardighede moet in die verwante produksievertakkings wat by die skool aangebied word, geskied.

Die **affektiewe domein**, wat aspekte soos emosies, waardes, waardering, entoesiasme, motivering en houding/ingesteldheid insluit, word ook in hierdie deel van die PAT gedek.

**Die psigomotoriese domein vir die ontwikkeling van praktiese aktiwiteite** word gekenmerk deur progressiewe gedragsvlakke, van waarneming tot bemeestering van die vereiste vaardighede. Assessering kan slegs gedoen word nadat leerders die geleentheid gegun word om die vereiste vaardighede te oefen.

| VLAK | DEFINISIE | VLAKBESKRYWING |
|---|---|---|
| **1. Waarneming** | Aktiewe verstandelike bywoning van 'n fisiese gebeurtenis. | Die leerder neem 'n meer ervare persoon in sy/haar uitvoering van die vaardigheid waar. Gevra om volgorde en verhoudings waar te neem en veral aandag te skenk aan die finale produk. Direkte waarneming kan met lees of kyk van 'n video aangevul word. Dus kan die leerder oor die onderwerp lees en dan na 'n aanbieding kyk. |
| **2. Nabootsing** | Poging tot kopiëring van 'n fisiese gedrag. | Die leerder begin die eerste beginsels van die vaardigheid bekom. Die leerder volg aanwysings en volgorde onder streng toesig. Die hele aksie is nie belangrik nie, so ook nie die tydsberekening of koördinering nie. Die leerder is bewus van doelbewuste poging om die model na te boots. |
| **3. Beoefening** | Probeer 'n spesifieke fisiese aktiwiteit oor en oor. | Die hele volgorde word herhaaldelik uitgevoer. Alle aspekte van die aktiwiteit word in volgorde uitgevoer. Doelbewuste pogings vervaag soos wat die vaardigheid min of meer gewoonte word. Tydsberekening en koördinering word beklemtoon. Hier het die persoon die vaardigheid bekom, maar is nie 'n kenner nie. |
| **4. Aanpassing** | Verfyning. Maak klein veranderinge in die fisiese aktiwiteit om dit te verbeter. | Perfeksie van die vaardigheid. Geringe aanpassings word gemaak wat die algehele prestasie beïnvloed. Afrigting is dikwels baie waardevol hier. |

**Sleutelwerkwoorde**

Hieronder is 'n paar voorbeelde van sleutelwerkwoorde wat met die **kognitiewe domein** geassosieer word. Die gebruik van sulke werkwoorde is nuttig vir die skryf van doeltreffende leerdoelwitte wanneer werksblaaie vir die praktiese aktiwiteite ontwikkel word:

- Insamel, voeg in, bereken, meng, klassifiseer
- Hanteer, bedryf
- Onderskei (met sig, waarneming, aanraking, kognitiewe kennis)
- Uitvoer/Verrig/Doen (bedrewenheid)

Die gebruik van eksterne assessors (bv. wolklassering-, kunsmatige-inseminasie (KI)- en skeerkursusse) vir hierdie gedeelte van die PAT sal die assessering wat deur die onderwyser gedoen is, ondersteun.

Die assessering van hierdie aktiwiteite sal 'n omvattende kontrolelys of rubriek insluit en kan met 'n vraelys of onderhoud ondersteun word wat voltooi word terwyl die aktiwiteit uitgevoer word. Die vraelys en onderhoud kan die konteks en toewyding van die leerder wat geassesseer word, beoordeel en kan met nasienriglyne nagesien word.

Leerders moet ten minste 10 uur per kwartaal in 'n praktiese situasie deurbring. Waar moontlik, moet die tyd eweredig tussen die produksie-vertakkings versprei word. Leerders moet geassesseer word op die tyd wat hulle in hierdie praktiese situasies bestee en op die kompleksiteit van hul blootstelling.

Die punt wat toegeken word van elke praktiese klas wat 'n leerder doen, kan verkry word deur 'n rubriek of 'n nasienriglyn te gebruik.

2.2.3 **Bestuurstoets**

Die leerders word aan 'n verskeidenheid gevallestudies of scenario's blootgestel, gebaseer op die jaarlikse produksieplan waaraan hulle blootgestel is. Die bestuurstoets sal voorbeelde van aktiwiteite uit die jaarlikse produksieplan en praktiese aktiwiteite verteenwoordig. Hierdie vrae sal met die toepassing van kennis verband hou.

Hierdie aktiwiteit of taak sal onder gekontroleerde omstandighede as 'n individuele aktiwiteit voltooi word. Die assesseringsinstrument vir hierdie aktiwiteit kan 'n nasienriglyn (memorandum), kontrolelys en rubriek of 'n kombinasie daarvan insluit.

| **ASSESSERING VAN BESTUURSTOETS** | |
|---|---|
| **Graad 10** | Bestuurstoets is gebaseer op algemene aspekte van die produksieprosesse van diere en gewasse waaraan die leerders blootgestel is |
| **Graad 11** | Bestuurstoets is gebaseer op spesifieke aspekte van die produksieprosesse van diere en gewasse waaraan die leerders blootgestel is |
| **Graad 12** | Bestuurstoets is gebaseer op spesifieke aspekte van die agribesigheids-produksieprosesse en -verwerking van betrokke diere- en plantproduksie-vertakkings waaraan die leerders blootgestel is |

2.2.4 **Dagboek/Logboek (rekord van tyd bestee)**

Die **affektiewe domein** wat aspekte soos gevoelens, waardes, waardering, entoesiasme, motivering, verantwoordelikheid en ingesteldheid/houding insluit, is in Landbouwetenskappe belangrik. Boerdery gaan oor al die aspekte hierbo genoem en dit moet dus by die leerder se assessering ingesluit word.

Hierdie afdeling van die PAT moet 'n aanduiding gee van die tyd bestee in 'n praktiese situasie wat die bestuursaspekte van 'n vertakking naboots en moet in die vorm van 'n dagboek by 'n produksievertakking aangeteken word. Vir beste praktyk moet hierdie rekords die tyd wat leerders in 'n praktiese situasie of by 'n aktiewe produksievertakking deurbring, aanteken. Hierdie rekords moet tyd bestee aan die uitvoer van daaglikse verantwoordelikhede en take, insameling van inligting, waarneming, evaluering of toon van vaardighede by die produksievertakking insluit.

'n Lys van die prosesse of aktiwiteite waaraan die leerders blootgestel was, moet ingesluit word om bewys te lewer van blootstelling aan die hoofproduksie-aktiwiteite wat die beskikbare vertakkings aanbied. Die tyd moet dan omgeskakel word na 'n punt as persentasie van die totale tyd wat aan die vereiste aktiwiteite bestee is.

Die riglyne hierbo moet die onderwysers help en lei om geskikte aktiwiteite vir die administreer van die PAT in LBP te ontwikkel. Dit bied ook die minimum standaard vir die PAT in LBP. Meer informele en meer komplekse aktiwiteite sal tot die leerder se voordeel wees.

## 2.3 PAT-komponent-opsomming en gewigstoekenning

| **PAT-komponent** | **Getal aktiwiteite** | | | **Gewig** | **Fokus** |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** | | |
| **Bestuursoorsig** | 1 | 1 | 1 | 20% | Beplanning |
| **Praktiese take (aktiwiteite)** | 6 | 6 | 4 | 50% | Bedryfs-vaardighede |
| **Bestuurstoets** | 1 | 1 | 1 | 20% | Toepassing |
| **Logboek (tydregister)** | Dagboek/Logboek – Tyd bestee terwyl daaglikse verantwoordelikhede en take uitgevoer word | | | 10% | Ondervinding |

Die praktiese assesseringstaak (PAT) dra 25% tot die totale promosiepunt by en moet landboukundige bestuursvaardighede, verwerkingsvaardighede en verantwoordelikheid ontwikkel en toepas. Die totale puntetoekenning sal 100 punte wees. Die PAT fokus dus op die bestuursvaardighede sowel as die ontwikkeling en toepassing van verskillende vaardighede in die produksieproses en die verwerking van produkte in 'n produksiekonteks.

**Finale punt**

Die finale punt van die PAT word aan hierdie domeine gekoppel:

| | |
|---|---|
| **Bestuursoorsig en -toets** (Kognitiewe domein) | **40** |
| **Praktiese aktiwiteite en tydtoekenning** (Psigomotoriese en affektiewe domein) | **60** |
| **TOTAAL** | **100** |

## 2.4 Uitleg van die PAT (voorbeelde)

### 2.4.1 Riglyn vir die opstel van 'n PAT vir veeproduksie

| TIPE ASSESSERING | ONDERWERP | GRAAD 10<br>Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings<br>(3 gewas en 3 diere) | GRAAD 11<br>Produksiegedrewe<br>(3 produksievertakkings) | GRAAD 12<br>Produksiegedrewe<br>(2 produksievertakkings) |
|---|---|---|---|---|
| **Bestuursoorsig – inhoudsverwagting**<br><br>**(20%)** | **Produksiesiklus: 1 vertakking** | Bepaal deur die scenario | Bepaal deur die scenario | Bepaal deur die scenario |
| | **Lys van toerusting benodig/Inventaris** | Lys van toerusting/gereedskap en fasiliteite | Tipe en hoeveelheid | Kosteberekeninge |
| | **Behuising: voorbereiding van behuising, hanterings-fasiliteite** | Tipes behuising en hanterings-fasiliteite wat beheer moet word | Gedetailleerde inligting oor die behuising | Kosteberekening en bestuursaspekte wat geïmplementeer moet word |
| | **Hantering en bestuur** | Redes vir geskikte behuising en hantering | Gedetailleerde inligting oor hantering | Kosteberekening en bestuursaspekte |
| | **Groeitydperk** | Lys van faktore en bestuursaspekte | Gedetailleerde inligting oor bestuursaspekte | Berekeninge, kosteberekening en bestuursaspekte |
| | **Dragtigheidstydperk** | Lys van faktore en bestuursaspekte | Gedetailleerde inligting oor bestuursaspekte | Berekeninge, kosteberekening en bestuursaspekte |
| | **Laktasietydperk** | Lys van faktore en bestuursaspekte | Gedetailleerde inligting oor bestuursaspekte | Berekeninge, kosteberekening en bestuursaspekte |
| | **Voeding** | Soorte voeding | Groeistadiums (-fases) en getalle | Kosteberekening en berekeninge |
| | **Bioveiligheid, inenting, veeartsenykundige prosedures, medikasie en sanitasie** | Noem aksies om bioveiligheid te implementeer | Gedetailleerde inligting oor medikasie: watter medikasie, wanneer dit toegedien moet word (stadiums), hoeveelhede/volumes. Gedetailleerde inligting oor die gebruik van relevante chemikalieë, stadiums en volumes | Bioveiligheid, kosteberekening en berekeninge |
| | **Jonging, kalwing en lamming,** | Tekens van jonging, kalwing en lamming | Gedetailleerde inligting oor die bestuur | Bestuursaspekte om te implementeer |
| | **Rekordhouding** | Rekords wat bygehou moet word | Werklike rekordhouding | Datavaslegging en interpretasie |
| | **Finansiële state** | | | Finansiële state |
| | **Oes: prosessering; bemarking** | | | Oes van produkte, prosessering, waardetoevoeging, verpakking, bemarking en verkope |
| | **Agritoerisme** | | | Ondersoek moontlike geleenthede in jou vertakking |

| | GRAAD 10<br>Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings<br>(3 gewas en 3 diere) | GRAAD 11<br>Produksiegedrewe<br>(3 produksievertakkings) | GRAAD 12<br>Produksiegedrewe<br>(2 produksievertakkings) |
|---|---|---|---|
| **Voorbeelde van onderwerpe vir praktiese aktiwiteite (50%)** | 1. Hanteringskursus<br>2. Plaag- en siektebestuur<br>3. Bestuursaktiwiteite: dosering, inenting, dip, ens.<br>4. Versorging: pasgebore kalfies/varkies/lammetjies ens., merk, kastreer en onthoorning<br>5. Basiese rekords: produksie, gesondheid, voer, teling en paring, ens.<br>6. Klassifikasie van plantkultivars en diererasse (bepaal aanpasbaarheid) | 1. Bestuur en versorging<br>2. Onthoorning, kastreer, merk, stert afsit, tande knip, ysterinspuitings, ens.<br>3. Dierebeoordelingskursus en liggaamskondisiebeoordeling ('BCS')<br>4. Reproduksie-/KI-kursus<br>5. Reproduksiebestuur, dragtigheidsondersoeke, bul-vrugbaarheid, TKP, KI, ens.<br>6. Voedingsvereistes<br>7. Daaglikse bestuur<br>8. Raseienskappe (beoordeling en seleksie)<br>9. Prestasietoetse | 1. Oes: skeer, wolklassering, melk, slag<br>2. Prosessering: wol, vleis, melk, leer, ens.<br>3. Prysbepaling<br>4. Finansiële beplanning<br>5. Bemarking<br>6. Identifiseer natuurlike hulpbronne bv. veldtipes<br>7. Bepaal weidingskapasiteit en veldtoestand-assessering<br>8. Weidingstelsels<br>9. Uitvoer van beplanning<br>10. Voervloeiprogramme<br>11. Analise van hulpbronne<br>12. Produksiestelsels<br>13. Kuddesamestelling<br>14. SWOT-analise |
| **Bestuurstoets (20%)** | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo |
| **Dagboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**Logboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**(Register geteken deur leerders en toesighouer/mentor op die terrein)** | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite |

2.4.2 **Riglyn vir die opstel van 'n PAT vir pluimveeproduksie (braaikuikens of lêhenne)**

| TIPE ASSESSERING | ONDERWERP | GRAAD 10<br>Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings<br>(3 gewas en 3 diere) | GRAAD 11<br>Produksiegedrewe<br>(3 produksievertakkings) | GRAAD 12<br>Produksiegedrewe<br>(2 produksievertakkings) |
|---|---|---|---|---|
| **Bestuursoorsig**<br><br>**(20%)** | **Produksiesiklus:**<br>**1 vertakking** | Bepaal deur scenario | Bepaal deur scenario | Bepaal deur graad 11-scenario |
| | | **Inhoudsverwagting vir graad** | **Inhoudsverwagting vir graad** | **Inhoudsverwagting vir graad** |
| | **Lys van toerusting nodig in behuising** | Lys van toerusting | Getal/Hoeveelhede benodig soos aangedui in scenario | Kosteberekeninge |
| | **Voorbereiding van behuising voor inname** | Aksies wat moet plaasvind: materiaal, chemikalieë, toerusting, ens. | Gedetailleerde inligting oor aksies, bv. wat, wanneer en getal/hoeveelheid | Kosteberekening gegrond op getalle/hoeveelhede en volumes<br>Bestuursaspekte wat vereis word |
| | **Kontrolelys voor plasing** | Wat moet gekontroleer word? | Wat in ag geneem moet word | Werklike koste, pryse, koste-berekeninge en die invloed van bestuur |
| | **Plasing van voëls** | Aksies wat gedurende die proses moet plaasvind | Gedetailleerde inligting oor aksies, bv. wat, wanneer en volume/hoeveelheid | Kosteberekening<br>Bestuursaspekte wat tydens die proses moet plaasvind |
| | **Groeitydperk** | Lys van faktore en bestuurs-aspekte wat tydens groeitydperk in ag geneem moet word | Gedetailleerde inligting oor al die bestuursaspekte genoem in graad 10 | Berekenings en kosteberekening en die invloed wat bestuur op elke aspek het |
| | **Voeding en stadiums van verandering** | Tipes | Datums en hoeveelhede | Pryse en kosteberekeninge |
| | **Bioveiligheid, inenting, medikasie en sanitasie** | Lys van aksies wat moet plaasvind en op watter ouderdom | Gedetailleerde inligting oor medikasie: watter medikasie, wanneer dit toegedien moet word (stadiums), hoeveelhede/volume, metodes.<br>Gedetailleerde inligting oor die gebruik van relevante chemikalieë, stadiums en volumes | Werklike koste, pryse, koste-berekeninge en die invloed van bestuur |
| | **Vangprosedure/versameling van eiers** | Lys van aksies wat vooraf moet plaasvind | Metodes, voorbereiding en detail oor aksies wat in die tydperk plaasvind | Implikasies of gevolge van swak bestuursaspekte |

| TIPE ASSESSERING | ONDERWERP | GRAAD 10<br>Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings<br>(3 gewasse en 3 diere) | GRAAD 11<br>Produksiegedrewe<br>(3 produksievertakkings) | GRAAD 12<br>Produksiegedrewe<br>(2 produksievertakkings) |
|---|---|---|---|---|
| **Bestuursoorsig – inhoudsverwagting *(vervolg)***<br><br>**(20%)** | **Sanitasie** | Lys van aksies wat moet plaasvind | Gedetailleerde inligting oor chemikalieë, volumes, aksies en datums | Werklike kosteberekeninge van chemiese stowwe |
| | **Daaglikse rekords** | Soorte rekords wat gehou moet word | Werklike produksierekords | |
| | **Finansiële aspekte** | | | Berekening van wins/verlies op grond van werklike uitgawes en inkomste soos in rekords getoon |
| | **Oesproses** | Lys van aksies | Metodes, voorbereiding en besonderhede oor aksies wat in die tydperk moet plaasvind | Hantering, sortering, gradering, verpakking en berging (stoor) |
| | **Prosessering, waardetoevoeging en bemarking** | | | Metodes en voorbeelde van prosessering van die spesifieke produk en bemarking |
| | **Agritoerisme** | | | Ondersoek moontlike agritoerisme-geleenthede in jou vertakking |
| **Voorbeelde van onderwerpe vir praktiese aktiwiteite (50%)** | | 1. Daaglikse roetines en verantwoordelikhede<br>2. Hantering – inenting<br>3. Basiese bestuursvaardighede<br>4. Identifisering – peste, siektes | 1. Daaglikse roetine en verantwoordelikheid<br>2. Groeirekords<br>3. Siektes – inenting (beheer/bestuur)<br>4. Uitvoer van beplanning<br>5. Plaag- en siektebeheer en -voorkoming | 1. Slagproses<br>2. Vervaardiging, prosessering en waardetoevoeging by produkte<br>3. Bemarking<br>4. Versamel van eiers, sortering en gradering |
| **Bestuurstoets (20%)** | | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo |
| **Dagboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**Logboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**(Register geteken deur leerders en toesighouer/mentor op die terrein)** | | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite |

2.4.3 **Riglyn vir die opstel van 'n PAT vir gewas-/groente-/vrugteproduksie**

| TIPE ASSESSERING | ONDERWERP | GRAAD 10<br>Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings<br>(3 gewas en 3 diere) | GRAAD 11<br>Produksiegedrewe<br>(3 produksievertakkings) | GRAAD 12<br>Produksiegedrewe<br>(2 produksievertakkings) |
|---|---|---|---|---|
| **Bestuursoorsig (20%)** | **Produksiesiklus: 1 vertakking** | Bepaal deur scenario | Bepaal deur scenario | Bepaal deur scenario |
| | **Toerusting/Gereedskap benodig om produksie-taak uit te voer** | Lys van toerusting | Tipe en hoeveelheid | Produksie-kosteberekeninge |
| | **Grondontleding** | Studie van grondprofiel en tipe grond beskikbaar | Grondmonsterneming en ontleding | Toepassing van presisieboerdery-praktyke |
| | **Grondvoorbereiding** | Take wat uitgevoer moet word, materiaal/gereedskap/toerusting benodig | Gedetailleerde inligting oor take, wanneer, wat gedoen moet word | Kosteberekening, bestuursaspekte wat moet plaasvind |
| | **Vooraf beplannings-beheer** | Wat moet gekontroleer word? | Wat vir 'n spesifieke gewas belangrik is? | |
| | **Gewasbeskermings-program** | Lys van aksies | Gedetailleerde inligting oor, wanneer, hoe, tipes en volumes | Kosteberekening, algemene bestuur en kalibrering |
| | **Plant/Planting** | Plantmetodes, aksies wat by die proses betrokke is | Gedetailleerde inligting oor aksies soos wanneer, hoeveel en wat gedoen moet word. | Koste- en bestuursbeginsels |
| | **Plantgroeitydperk** | Lys van faktore en bestuurs-beginsels wat in die tydperk geïmplementeer moet word | Gedetailleerde inligting oor die bestuursfaktore en -beginsels Plantegroeikurwes | Oesvoorspellings/-bepalings |
| | **Bemestingspraktyke** | Tipes en metodes | Stadiums en hoeveelhede | Kosteberekening en prysvasstelling |
| | **Oes en na-oespraktyke** | Lys van aksies | Metodes, voorbereidings en besonderhede oor die aksies | Hantering, sortering, gradering en stoor |
| | **Rekordhouding** | Soorte rekords wat gehou moet word | Werklike rekordhouding | Datavaslegging en -interpretasie |
| | **Finansiële state** | | | Finansiële state – begrotings, ens. |
| | **Prosessering, waarde-toevoeging en bemarking** | | | Prosessering, waardetoevoeging, verpakking en verkope en SAFEX |
| | **Agritoerisme** | | | Ondersoek moontlike agritoerisme-geleenthede in jou vertakking |

| | **GRAAD 10**<br>**Basiese beginsels en agtergrond van vertakkings**<br>**(3 gewasse en 3 diere)** | **GRAAD 11**<br>**Produksiegedrewe**<br>**(3 produksievertakkings)** | **GRAAD 12**<br>**Produksiegedrewe**<br>**(2 produksievertakkings)** |
|---|---|---|---|
| **Voorbeelde van onderwerpe vir praktiese aktiwiteite (50%)** | **Basiese bestuur**<br>1. Grondvoorbereiding<br>2. Plantproses/Oorplant van saailinge<br>3. Versorging en verantwoordelikheid<br>4. Onkruiduitkenning<br>5. Neem van grondmonsters en tipes<br>6. Grondsamestelling<br>7. Saadontkiemingstoetse<br>8. Uitkenning van peste/plae en siektes<br>9. Verbouingsmetodes<br>10. Besproeiingstelsel-vergelyking | **Uitvoering van beplanning**<br>1. Kalibrering van spuittoerusting<br>2. Planter-/Saailingplanter-kalibrering<br>3. Siekte-, onkruid- en insekpes-beheer en voorkoming<br>4. Snoei en oplei ('trellising') (plantmanipuleringtegnieke)<br>5. Gebruik grondmonster-ontleding vir kunsmistoediening (interpretasie van grondmonster), grond-bemestingsproewe<br>6. Tipes onkruiddoders/ insekdoders en gebruik<br>7. Grondkenmerke vir spesifieke gewasse en voorbereiding<br>8. Verskillende implemente<br>9. Besproeiingskedulering<br>10. Kultivarevaluasie | **Produkspesifiek**<br>1. Oes en klassifisering<br>2. Produsering, prosessering en waardetoevoeging van produkte<br>3. Oesbepaling<br>4. SAFEX-kursus<br>5. Gradering en prosessering<br>6. Bemarkingsplan, verpakking en bemarking<br>7. Bestuursvaardighede<br>8. Bemestingplan en kalibrerings-berekeninge<br>9. Menslikehulpbronbestuur- en beplanning<br>10. Volhoubare grondbestuur |
| **Bestuurstoets (20%)** | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo | Hou verband met al die vertakkings hierbo |
| **Dagboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**Logboek (40 uur/jaar) (10%) van tyd bestee/werk gedoen gedurende praktiese aktiwiteite in produksievertakkings**<br>**(Register geteken deur leerders en toesighouer/mentor op die terrein)** | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite | Roetinetake en besoeke vir praktiese aktiwiteite |

## 2.5 Moderering van die PAT

**Interne moderering**
Die onderwyser en leerders se portefeuljes van bewyse (PvB) en PAT'e moet deur die departementshoof of 'n senior onderwyser van die vak by die skool gemodereer word.

**Eksterne moderering (vakspesialis/vakadviseur)**
Hierdie moderering moet verkieslik EEN KEER PER KWARTAAL gedoen word. 'n Kalender wat aan die vakspesialis gestuur word wat die beplande datums vir assesseringsaktiwiteite (PAT-assesseringprogram) aandui, sal die moderator help om vooruit vir sulke modereringsessies te beplan. Die eksterne moderator kan sekere leerders identifiseer om sekere take tydens die finale modereringsproses te verrig.

**Eksterne moderering (nasionale paneel)**
'n Paneel van moderators wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys aangestel word, sal die PAT'e modereer en geriewe en hulpbronne by die skool waarneem. *(Sien BYLAE A vir modereringsinstrument.)* Bewyse van PAT'e wat voltooi is, moet verskaf word indien nodig.

# 3. RIGLYNE VIR LEERDERS

## 3.1 Instruksies aan die leerders

Leerders moet die assesseringskriteria ken voordat hulle met elke assesseringstaak/-aktiwiteit begin.

- Die leerders se take moet agterin hulle portefeuljes aangebied word, volgens elke vereiste afdeling, netjies afgeskort/afgeskei.
- Indien die leerder eers in graad 11 of 12 met die vak begin, moet hy/sy al die vereiste take van die vorige jaar/jare voltooi.
- Daar moet 'n korrelasie tussen die werk van graad 10 tot 12 wees. Opeenvolgende jare se werk moet gehou word en netjies onder aparte afdelings geliasseer word.

## 3.2 Voorbeelde van take in die verskillende komponente van die PAT:

3.2.1 Bestuursplan
3.2.2 Praktiese aktiwiteit
3.2.3 Bestuurstoets
3.2.4 Dagboek/Logboek/Tydregister

3.2.1 **Voorbeeld van die bestuursoorsig**

**PAT: VOORBEELD VAN DIE BESTUURSOORSIG**

**DIEREPRODUKSIE: Braaikuikenproduksie**
**ONDERWERP: Bestuursoorsig van 'n braaikuiken-eenheid.**

**Werkstaat Nr.:** 1.1 **GRAAD:** 11

**NAAM:** ________________________ **DATUM:**_________________

**OORSIG:**
Die algehele braaikuikenprestasie is afhanklik van verskeie bestuurspraktyke. Kuikenhuisbestuur is een van die belangrike aspekte van die grootmaak en bestuur van braaikuikens. Die vroeë ontwikkelingstadium is deurslaggewend vir die algehele resultaat en groei van die voël. Daarom moet sorg van dag een af toegepas word. Doeltreffende broeibestuur sluit die verskaffing van die regte temperatuur, relatiewe humiditeit, luggehalte, goeie gehalte voer en water vir die kuikens in.

**LEERDOELWITTE:**
Beter bestuur lei tot beter produktiwiteit! Of jy 'n ervare boer is en of jy nuut in die pluimveebedryf is, doeltreffende bestuur is noodsaaklik vir die algehele ontwikkeling en gesondheid van enige diereproduksiestelsel. Daarom moet sorg van dag een af toegepas word om die volgende uitkomste te bereik:
- Maak die skuur en toerusting skoon, ontsmet en berook dit.
- Maak seker van die korrekte temperatuur- en humiditeitsvlakke.
- Maak seker dat die kuikens onmiddellike toegang tot vars water en voer het.
- Gebruik kuikengedrag as 'n aanwyser van bevredigende temperatuur- en luggehalte.
- Vul voer voortdurend tydens die groeitydperk aan.
- Monitor en maak seker van kuikenvoeding deur kropvultellings.

**VOOR-BESIGTIGINGSAKTIWITEITE:**
Die omgewing waar die kuikens grootgemaak word, is deurslaggewend vir hulle prestasie. Daarbenewens sal dit help as die plaas nader aan die produksie- en bemarkingsentrums geleë is. 'n Plaas wat toegang tot goeie paaie en maklik vervoer het, het 'n verdere voordeel.

**NA-BESIGTIGINGSAKTIWITEITE:**
Leerders moet aan die bestuur van 'n kuikenhuis vir 'n produksiesiklus in 'n werklike situasie blootgestel word. Leerders moet tydens hierdie aktiwiteit rekord hou van verskillende prosesse (soos groei en voedselverbruikkoerse, ens.) om die doeltreffendheid en die toepassing van hul kennis te bepaal.

**INTERESANTE FEITE:**
Die klomp/groep kuikens moet deurgaans tydens die produksiesiklus vir siektes en toestande wat bevorderlik vir siektes is, dopgehou word. Vroeë diagnose en vinnige en behoorlike behandeling sal sterftes en produksieverliese verminder.

**Scenario:**
